SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 13 MAART 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou vanaf hierdie Sondag beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

SARL 80 M KLUB KOMPETISIE OP WOENSDAG 16 MAART

BESPREEK NOU VIR DIE SARL NEEM AMATEUR RADIO NA DIE DIGITALE ERA SIMPOSIUM

en

DIE SARL VHF/UHF ANALOOG KOMPETISIE VOLGENDE NAWEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Baie geluk aan Leon Foot, ZS4Y wat vir die volgende vier jaar as Sekretaris van die Moderamen van die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk verkies is.

SARL WOENSDAG 80 M KLUB KOMPETISIE OP 16 MAART

Die tweede been van die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie vind plaas vanaf 17:00 tot 18:00 UTC op Woensdag 16 Maart met GG, RTD en foon aktiwiteit tydens die uur lange kompetisie. Die uitruiling is 'n RS-, RST- of RSQ-verslag, jou Klub-afkorting en jou 4-karakter-ruitvierkant, kyk op bladsy 57 van die Blou Boek vir die Klub-afkortings. Dien jou logstaat teen 21:59 UTC op Maandag 21 Maart in per e-pos na contest@sarl.org.za. Die reëls is op bladsy 58 van die 2022 Blou Boek.

DIE 2022 SARL NASIONALE KONVENSIE BOEKIE

Die 2022 SARL Nasionale Konvensie-boekie is beskikbaar vir aflaai vanaf die voorblad van die SARL-webwerf. Die Boekie bevat die program vir die Amateur Radio in die Digitale Era Simposium op Saterdag 9 April en die agenda vir die SARL AJV op Saterdag 23 April 2022. Dit sluit in die voorgestelde begroting

en ledegeld vir 2022/2023, die twee mosies vir bespreking en 'n voorstel om die 2023 SARL Nasionale Konvensie aan te bied.

SUKSESVOLLE NOODKOMMUNIKASIE OEFENING UITGEVOER OP DIE QO-100 SATELLIET

IARU Streek 1 Noodkommunikasie Koördineerder Greg Mossop, G0DUB berig dat op 26 Februarie het 22 stasies wat 14 lande binne IARU Streek 1 verteenwoordig, deelgeneem aan 'n kort kennisgewing oefening deur die geostasionêre satelliet QO-100 te gebruik. Dit was die eerste van 'n aantal kleiner oefeninge, toetse en vergaderings wat deur die jaar deur IARU Streek 1 gehou sal word, wat voortbou op die vroeëre Globale Gesimuleerde Nood-toetse om soveel as moontlik aspekte van noodkommunikasie te dek. Die bedoeling is om noodkommunikeerders meer gereeld bymekaar te bring om te demonstreer hoe die Amateur Radiodiens as 'n globale gemeenskap kan saamwerk en 'n gemeenskaplike begrip van mekaar se vermoëns kan ontwikkel.

Die oefening is as 'n sukses beskou, met 'n aantal formele boodskappe wat tussen stasies deurgegee is en 'n paar lesse geleer uit die onvermydelike uitdagings van toerusting-onderbreking, taal-hindernisse en koördinering van 'n oefening met 'n dekkingsgebied van Suid-Afrika tot die Verenigde Koninkryk. Sodra al die oefening-terugvoer ontvang is, word nog 'n toets oor QO-100 vir Oktober 2022 beplan.

"QO-100 bring nog 'n bate na die nood kommunikasie gereedskapkas in Streek 1 en die teenwoordigheid daarvan word baie waardeer," het Greg Mossop, G0DUB, gesê.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

BESPREEK NOU VIR DIE SARL NEEM AMATEUR RADIO NA DIE DIGITALE ERA SIMPOSIUM

Die SARL Neem Amateur Radio na die Digitale Era Simposium sal gehou word op Saterdag 9 April 2022 vanaf 10:00 SAT op die BlueJeans platform. Dit is gratis vir SARL- en AMSAT SA-lede. Registreer nou! Klik op die skakel op www.sarl.org.za of www.amsatsa.org.za.

President van IARU Streek 1, Sylvain Azarian, F4GKR, sal meer vertel oor sagteware-gedefinieerde radio- en amateur radio-toepassings. Cor Rademeyer sal praat oor die opsporing van RF-voortplantingsversteurings deur GPS posisiedata te ontleed en Brian Jacobs sal 'n opdatering oor die SARL volgende generasie baken projek aanbied en het 'n paar interessante nuwe inligting oor 'n nuwe bakenstelsel wat tans getoets word. Ons sal die NCDXF HF-bakenstelsel verken, 'n seën vir DXers. Kom meer te wete oor die SARL-100-projek en die AMSAT SA AfriCUBE-satelliete.

WÊRELD AMATEUR RADIO DAG IS 18 APRIL

DARC, die Duitse IARU-Lidvereniging se Span SES sal spesiale roepsein DA22WARD vanaf 1 Maart tot 30 April aktiveer ter viering van Wêreld Ama-

teur Radio Dag op 18 April. QSL via die buro, of direk na DL2VFR. En REF, die Franse IARU-Lidvereniging het aangekondig dat spesiale geleentheid-stasie TM97WARD vanaf 16 tot 25 April op die lug sal wees om Wêreld Amateur Radio Dag (WARD) te vier.

DIE SARL VHF/UHF ANALOOG KOMPETISIE VOLGENDE NAWEEK

Die eerste been van die SARL VHF/UHF Analoog-kompetisie duur van 03:00 tot 09:00 UTC op Saterdag 19 Maart en weer op Sondag 20 Maart 2022. Die eerste twee ure op Saterdag word op 6 meter spandeer, gevolg deur twee ure op 2 meter en die laaste twee ure op 70 cm. Sondag is die eerste twee uur op 2 meter, gevolg deur twee uur op 6 meter en eindig met twee uur op 70 cm. Die uitruil is 'n RS-seinverslag en die volle ses-syfer Maidenhead-ruitblok. Blaai na bladsy 18 van die 2022 SARL Blou Boek vir al die inligting.

Klubs en groepe wat die kompetisies aanbied, word weereens herinner om 'n item oor hul kompetisie vir die SARL Nuus in te dien.

KOMPETISIE NUUS

Vyftien logstate van ZS2 en ZS6 is ontvang vir die eerste SARL BHF/UHF FM-kompetisie vir die jaar.

1ste die Port Elizabeth Amateurradiovereniging, ZS2PE – 11 505 punte

2de Pierre Holtzhausen, ZS6PJH – 4 403 punte

3de Stephen Stuttard, ZS6SKY – 1 904 punte

Slegs 44 logstate is ontvang vir die eerste been van die SARL Saterdag 40 m Klub kompetisie en nie 45 soos verlede Sondag berig nie. 'n Fout is in een logstate geïdentifiseer wat die puntetelling verander het.

Klub tellings

1ste die Wesrand ARK - 1 252 punte

2de die Noord-Kaap ARK - 378 punte

3de die Bloemfontein ARK - 361 punte

Individuele tellings

1ste Michael, ZS4BHF - 181 punte

2de Jan, ZS4JAN - 180 punte

3de Gerhard, ZS3TG - 158 punte

4de Kobus, ZS6BOS - 147 punte

WIE KAN HELP?

Stuart, ZR1SB soek hulp om ou militêre radios, sowat 100 kg se radios, van Bloemfontein na Somerset-Wes te vervoer. As jy vir Stuart kan help, kontak hom by e-pos stuart@burgess.org.za.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar 'n aantal sonvlekke met eenvoudige tot meer gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n moontlikheid van C-klas en 'n geringe kans van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 64 vir die week gebruik. Radio amateurs kan goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

16 Maart – die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie

17 Maart – binnelandse skole sluit

18 Maart – die sluitingsdatum vir Velddag logstate

19 en 20 Maart- die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie

20 Maart – Herfs nagewening om 17:32 SAT

21 Maart – Menseregte Dag

23 Maart – die Sandton 'Talking Tech Power Hour'

25 Maart – kus skole sluit

26 Maart - die Sandton ARK Jakkals jag

26/27 Maart – die CQ WPX ESB kompetisie

27 Maart – die sluitingsdatum vir SARL BHF/UHF Analoog logstate

1 April – die begin van die SAMOC April Woord-soektog

2 April – die begin van Ramadan, die RaDAR-uitdaging en die Pretoria ARK snuffelmark

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die tweede been van die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie vind plaas vanaf 17:00 tot 18:00 UTC op Woensdag 16 Maart met GG, RTD en foon aktiwiteit tydens die uur lange kompetisie. Die reëls is op bladsy 58 van die 2022 Blou Boek.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.